

# BORGTOG IN GEVALLE VAN VERKRAGTING

KONFERENSIEKAMER - 15:00



Ek moet hierdie oproep neem. Ek is nou weer terug.

'N PAAR MINUTE LATER ...



DIESELFDE TYD ...



LATER DIE DAG ...





Jy is gearresteer omdat jy daarvan verdink word dat jy vandag vir Elissa Mabena verkrag het.

Daar moet 'n fout wees. Ek was die hele middag in 'n vergadering.

Me. Mabena weet nie wie haar verkrag het nie, want die verkragter het haar van agter aangeval en gedreig om haar dood te maak as sy na hom kyk. Jou kollegas sê jy het die vergadering vanmiddag 'n paar keer verlaat. Kan jy dit verduidelik?

Ja. My seun is baie siek en ek het die dokter gevra om my te bel. Ek het die vergadering verlaat om alleen met hom te praat.



Sal die dokter kan bevestig wat jy sê?

Ja. Ek kan jou die tye van sy oproepe op my foon wys.



Ons het jou vingerafdrukke in die vertrek gekry waar Elissa Mabena verkrag is.

Ek het in die leë kantoor ingegaan om met die dokter te praat, want ek wou nie gepla word nie. Jy sal my vingerafdrukke in baie van die vertreke kry. Ek het niemand verkrag nie.

Dit kan maande vat voor die saak hof toe gaan.

As ek moet tronk toe gaan, sal ek my werk verloor. Ek onderhou my gesin en betaal die huur. My seun se mediese rekeninge is baie hoog. Is daar enigiets wat ons kan doen?

Ons kan aansoek doen om borgtog. Jy sal geld aan die hof moet betaal om te bewys dat jy vir die verhoor sal opdaag. As jy die verhoor bywoon, sal jy die geld terugkry. Die regter sal ook borgvoorwaardes stel. Daar is reëls wat jy sal moet nakom, soos dat jy nie die klaer mag kontak nie. Maar jy sal by die huis kan bly en werk toe gaan tot die verhoor.

Hoofinspekteur,  
waarom  
kan hierdie  
verkrachter  
borgtog kry?

Die Namibiese Grondwet sê alle persone is onskuldig tot hulle skuldig bewys word. Beskuldigde persone moet toegelaat word om met hul lewens aan te gaan totdat die verhoor afgehandel is. Om 'n beskuldigde in die tronk te laat bly voor die verhoor is 'n wrede straf en moet net gebruik word as die beskuldigde kan verdwyn, 'n bedreiging vir die getuies kan inhou of 'n gevaar vir ander mense kan wees.

Maar wat as die beskuldigde gedreig het om die slagoffer kwaad aan te doen omdat sy die misdaad aangemeld het?




## PERSKONFERENSIE

As die beskuldigde die slagoffer gedreig het, moet die slagoffer die staatsaanklaer daarvan sê. Die staatsaanklaer sal hierdie inligting deurgee tydens die borgverhoor. Die regter sal dan besluit of hy borgtog sal toestaan of nie.

As borg toegestaan word, is die bedoeling van die borgvoorwaardes om die slagoffer en die gemeenskap te beskerm. Omdat dit 'n verkragtingsaak is, sal die regter beveel dat die beskuldigde nie die klaer mag kontak nie. As die borgvoorwaardes verbreek word, kan die beskuldigde gearresteer word en 'n boete of tronkstraf van tot een jaar opgelê word.

Ek is die beskuldigde se vrou. Ek weet my man is onskuldig. Nou verstaan ek waarom mense borgtog kry voor die verhoor. Dit sal verkeerd wees om iemand sonder rede in die tronk te hou. My man is nie 'n gevaar vir die gemeenskap nie.





## DIE PROSES VIR BORGTOG

### WAT GEBEUR TYDENS DIE BORGVERHOOR?

Die staatsaanklaer vra die regter om te besluit of borgtog toegestaan moet word of nie. Hy lig die regter in rondom die omstandighede van die misdaad. Dan maak die staatsaanklaer en die beskuldigde se prokureur aanbevelings aan die regter oor die toestaan van borg en die opstel van borgvoorwaardes.

Dit is die polisie se plig om die klaer in te lig van die hofdatum vir die borgverhoor. Die klaer het die reg om die borgverhoor by te woon om seker te maak dat die regter al die nodige inligting kry. Die klaer het ook die reg om die staatsaanklaer te vra om die nodige inligting of bewyse by die borgverhoor voor te lê, soos byvoorbeeld of die klaer 'n rede het om bang te wees as die beskuldigde op borg vrygelaat word.

In verkragtingsake moet die beskuldigde die hof oortuig dat hy of sy vrygelaat moet word. In die ernstigste verkragtingsake, soos bendeverkragting of die verkragting van 'n kind, moet die beskuldigde wys dat daar buitengewone redes is waarom hy of sy vrygelaat behoort te word.

As die klaer nie die borgverhoor bywoon nie, is dit die staatsaanklaer se plig om die klaer in te lig of die beskuldigde op borgtog vrygelaat is en oor enige voorwaardes wat gestel is.

### DAAR IS TWEE VEREISTES VIR BORGTOG

1. Die **beskuldigde betaal geld** aan die hof. Dit is om seker te maak dat die beskuldigde sal hof toe kom – as hy of sy nie die verhoor bywoon nie, hou die regering die geld en die polisie arresteer die beskuldigde. Die bedrag van die borggeld wissel afhangend van omstandighede.
2. Die **regter stel voorwaardes** vir borg om die beskuldigde dop te hou en die gemeenskap te beveilig. Voorwaardes is reëls wat die beskuldigde moet belowe om na te kom. In gevalle van verkragting MOET die hof voorwaardes byvoeg om seker te maak dat die beskuldigde nie die klaer sal kontak nie.



Die beskuldigde het geen kriminele rekord nie, hy woon in die dorp saam met sy gesin en het 'n werk hier. Ek glo nie hy sal die dorp verlaat om die verhoor te ontduik nie of dat hy die klaagster sal probeer teister nie. Die beskuldigde het baie mense in sy gesin wat hy moet onderhou, insluitend 'n siek seun. Vir hierdie redes sal ek borgtog toestaan tot die verhoor.



Mnr. Kinda moet N\$5 000 aan die hof betaal sodat ons kan weet dat hy die verhoor sal bywoon. Hy mag geen kontak met die klaagster hê of probeer om haar te oorreed om die saak terug te trek nie.

N\$5 000 is 'n groot klomp geld . . .

Borgtog kan minder wees. Maar mnr. Kinda het 'n goeie werk en hy kan dit bekostig. As die bedrag kleiner is, sal dit hom dalk nie verhinder om die borgvoorwaardes te breek nie. Hy sal sy geld terugkry as hy na die verhoor toe kom.




**D**ie verhoor het later die jaar plaasgevind. Gabriel is onskuldig bevind en die polisie het voortgegaan met hulle soektog na die verkragter. 'n Maand ná die verhoor is 'n tweede verdagte aangekeer. By sy verhoor is hy skuldig bevind aan die misdaad.

## HOEKOM BORGTOG BELANGRIK IS

- Om beskuldig te word van 'n misdaad is nie dieselfde as om skuldig te wees aan 'n misdaad nie.
- Daar is dikwels 'n lang vertraging tussen die arrestasie en die verhoor. Sonder borgtog kan 'n beskuldigde persoon maande of selfs jare in aanhouding deurbring. Dit kan veroorsaak dat beskuldigde persone hulle werk en hulle huise verloor. As mense wat gearresteer word onskuldig is, beteken dit dat hulle gestraf word vir iets wat hulle nie gedoen het nie.

“Alle persone wat van 'n misdryf aangekla word, moet as onskuldig beskou word totdat hulle kragtens wet skuldig bewys word nadat hulle die geleentheid gehad het om getuies te roep asook om dié wat teen hulle getuig onder kruisverhoor te neem.”

– Namibiese Grondwet, Artikel 12(1)(d)



**HET JY**

... 'n VRAAG?

... 'n OPMERKING?

... MEER INLIGTING NODIG?

**KONTAK ONS!**

SMS: 081-6000098

E-pos: [comic@lac.org.na](mailto:comic@lac.org.na)

Faks: 088-613693

Posadres: Posbus 604 Windhoek

Ons wil graag weet wat jy van hierdie strokiesprent dink.



Teks:  
LAILA HASSAN

Vertaling:  
LOCHNA MEESER

Illustrasies, ontwerp en uitleg:  
DUDLEY VIALL en PERRI CAPLAN

Projektoesig:  
RACHEL COOMER en DIANNE HUBBARD

Finansiering:  
NEDERLANDSE MINISTERIE VAN BUITELANDSE SAKE, MDG3-FONDSE

Drukwerk:  
JOHN MEINERT PRINTING (EDMS) BPK

Uitgewer:  
GENDER RESEARCH & ADVOCACY PROJECT, LEGAL ASSISTANCE CENTRE, 2010

Hierdie strokiesprent mag vryelik gekopieer word vir opvoedkundige doeleindes op voorwaarde dat erkenning aan die bron gegee word.

'n Elektroniese weergawe van hierdie publikasie is beskikbaar op die LAC-webwerf: [www.lac.org.na](http://www.lac.org.na)

Vir meer inligting, raadpleeg die gedrukte LAC brosjure getiteld *Borg in gevalle van verkragting en huishoudelike geweld* of op die LAC se webblad.